

Kuns in klip

Dr. Petrus Moolman

In vlak 1 Covid-19 afsondering, Desember 2020

Ek het 'n bewondering vir kunstenaars. Enige soort kunstenaar. Ek vergaap my aan hulle toewyding, hulle vaardigheid, hulle absolute oorgawe. Daarom natuurlik ook aan die eindproduk van hulle kuns. Uitvoerend of skeppend. Ons kritiese vrae en opmerkings oor die kunste vertel 'n eenvoudige waarheid: almal is nie dieselfde nie. Die een voorbeeld wat altyd vir my uitstaan, is twee verskillende standbeelde van generaal Jan Smuts. Die een staan op Parliament Square in Londen tussen baie van die groot geeste uit die verlede. As jy 'n Suid-Afrikaner is wat iets van die geskiedenis weet, is dit maklik herkenbaar – selfs midde-in die hoë geselskap waarin Jan Smuts hom bevind. Die ander staan in die Kaapse Kompanjies tuin. As jy nie die geskiedenis van die beeld ken nie, moet jy op die inskripsie kyk om seker te maak wie hier uitgebeeld word. Dié een het, toe dit opgerig is, baie skerp en uiteenlopende kritiek uitgelok. Maar, albei verteenwoordig generaal Jan Smuts.

Ek het eenmaal die mooi verwysing gehoor van die persoon wat 'n beeldhouer uitvra oor hoe 'n kunstenaar die beeld in die klip voor hom visualiseer. Die antwoord was heel eenvoudig: "Die beeld is reeds in die klip – jy moet net die klip wat dit bedek, wegkap". Onwillekeurig herinner dit my aan die lewe wat elkeen van ons behoort te leef. Voor ons is 'n soliede rots – soms marmer, soms graniet, soms sandklip. Elkeen het sy eie karaktertrek en uitdagings. Ek weet niks van beeldhouwerk nie, maar my logika maak my wys dat elkeen van dié materiale ook vir eie, unieke gereedskap én vaardighede vra om die verskuilde beeld uit sy klipmantel te kry.

Ná die jaar 2020 wat besig is om einde se kant toe te staan, het almal uitgesien na 2021. Nou lyk die vooruitsigte van 'n 2021 met minder spanning oor Covid-19, ook maak bleek. Bevestigde gevalle van die siekte en gepaardgaande sterftes styg wêreldwyd. Vakansieplanne begin in die lug hang oor moontlike nuwe, dreigende inperkings. Iewers het ek jare gelede 'n gedig gelees, met die slot:

... *Mallemeule.*

Mallermeule.

Malste-, maller-, malermeule.

Tog leef ons in Adventstyd, met 'n boodskap van hoop. Dit was so deur die eeue heen. Selfs gedurende malste-, maller-, mallermeule-oorloë waarin vertel word hoe soldate uit die loopgrawe geloop het en vredevol met die vyand Kersfees gevier het. Die volgende dag het hulle egter weer op mekaar moes skiet. Gek!

Dit alles is deel van ons kapwerk. Om die beeld wat ons visualiseer en waaraan ons geroep word om lewenslank te bou, uit sy geheimenisvolle marmer-, graniet- of sandklipjas na die oopte te laat ontsnap. Wat ons benodig, is 'n paar dinge: die skeppingsdrang van 'n kunstenaar, die gepaste gereedskap, 'n visie van die beeld ten einde dit so akkuraat moontlik te kan uitbeitel, die lewensdrang om dit te voltooi. 'n Beeld waarmee die kunstenaar halfpad tou opgegooi het, kan deur niemand anders finaal voltooi word nie – nie soos die oorspronklike kunstenaar dit sou wou hê nie.

Vir my is dit altyd interessant om mense oor die uitdagings van dié lewenskunswerk te hoor praat. Sommige is rasegte kunstenaars. Hulle sien hoe die beeld dag vir dag groei terwyl hulle die brokstukke wegbeitel. Soms gly die beitel en byt te groot. Dan moet die kunstenaar geduldige, maar dikwels ernstige aanpassings aan die langtermyn-droombeeld maak. Daar is sekere foute wat die kunstenaar op geen manier kan herstel nie. Daarmee maak die kunstenaar vrede. Om jare daaroor te tob, gaan nie die fout herstel nie. Wat die kunstige lewensingesteldheid wel kan doen, is om die kunstenaar anders te werk te laat gaan. Nuwe gereedskap te skep. Dikwels ou gereedskap uit die verlede te gaan opdiep wat uit ervaring in dié situasie werk. Miskien sou ons dit kunstenaars-wysheid kon noem – want wysheid word oor jare gebore. Dit is nie 'n vinnige proses nie.

Ek het in 'n stadium in my lewe die genotvolle voorreg gehad om staanhorlosies te bou. Die een ding waarmee ek altyd kon spog, is dat ek nie van 'n plan of skets af gewerk het nie. Die horlosie het op my en in my hande gegroei en ontwikkel. Elke keer wat ek daaraan kom werk, het verrassings opgelewer. Jy het geweet wanneer dit voltooi is. Jy kon terugtree en dit geniet. Die lewensbeeld waaraan ons kap, het nie 'n keerdatum nie. Ook nie 'n bloudrukplan nie. Dit het wel 'n voltooiingsdatum. Die beeld groei saam met die lewe en raak voltooi – of halfvoltooid gelaat wanneer die kunstenaar se eie lewenspad eindig. Soos die jare aanloop, word aanpassings bedink en herdink. Die kunswerk groei. As die kunstenaar die beitel finaal neerlê, en self stof word, is dit voltooi. Soms nie! Dikwels in uiters moeilike omstandighede waarin die kunstenaars hulle bevind. Nuwe uitdagings, nuwe gereedskap, nuwe vaardighede.

Die Groot Kunstenaar het op 'n onbeskryflike manier geskep. Aan die begin. So sê die Bybel. Hy het nog nooit ophou skep aan die onmeetbare, werk van sy hande nie. Aardbewings, tsoenami's, vloede, vulkaniese uitbarstings, hemelruimontploffings is beitelhoue wat steeds die onpeilbare skepping en heeal laat voortgroeï. Op 'n baie klein stippeltjie van sy groot kunswerk, op 'n plek wat die Bybel aarde noem, het Hy sy eie span kunstenaars aan die werk gesit – deur al die eeue.

Covid-19 het in 2020 'n spesiale wenteling gebring in die klomp kunstenaars se lewe. Dit het, en sal ook in 2021, baie spesiale beitelhoue van ons vra.

Die vraag is of ons in die geheelprentjie sal onthou dat dit die Groot Kunstenaar is wat aan die einde van ons kunswerkies wil terugtree ... en glimlag? Ook oor beitelmerke van 2020 en 2021.